23 Oktober 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade
1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Hartlike welkom by vanoggend se Belydenisaflegging van die Finale Fase klas

Die volgende groep jongmense het vanoggend die geleentheid om hulle geloof in Jesus Christus te bely: *Tiaan Botes, Bianca Botha, Anri Els, Tiaan Gerber, Keenan Greeff, Stefan Jooste, Armin Neumann, Skye Noack, Daniké Oosthuizen, Abigail Smith, Pieter Snyders, Celine Strydom, Tiaan Strydom, Liam Terblanché, Audrey van Tonder en Tayla Vorster.*

Baie dankie aan (oom) Leon Cilliers wat hulle al van Gr 7 af deur GVG gelei het tot by hierdie spesiale geleentheid. Dankie ook aan ds Pieter vir sy insette, voorbereiding en voorbidding deur hulle finale fase jaar.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens - Belydenisaflegging : Ds Pieter Nel

Lofkabouters tydens die erediens

10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale

Deurkollekte : Sin. Gemeentehulp

Program vir die week

Dinsdag: 25 Oktober
14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 26 Oktober
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 28 Oktober
05:30 Mannebediening in die GROT

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis! ONTHOU asseblief Hoogland maak staat op u koffie donasies.

" SAVE THIS DATE "

Hoogland Kerssangdienste

Sondag, 20 November

09:00 & 18:30

Bring gerus u vriende & familie saam!

50 Jaar Feesbundels

Daar is slegs 'n paar van die 50 Jaar Feesbundels in die kantoor beskikbaar @ R50 per bundel.

Kontak gerus vir Annalize in die Kerkkantoor as jy belangstel in 'n Feesbundel met Hoogland se storielyn.

Neem 'n Matrikulant aan ...

Neem asseblief 'n *Bid vir 'n Matrikulant* - kaartjie in die voorportaal. Bid vir hulle deur die eksamen! Neem hom/haar "aan" en maak gerus kontak en verseker hulle van die Here se genade en nabyheid.

079 815 9325 | facebook.com/pehoogland | #hooglandpe | YouTube PE Hoogland

Snap here to pay SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Terugvoer uit die Kerkraad - Tweede leraarspos

Die Kerkraad het besluit om Sondag, 30 Oktober en 6 November onderskeidelik elke Sondag 'n kandidaat te nooi vir 'n preekbeurt & onderhoud. U voorbidding word asseblief gevra vir die kandidate en die hele beroepingsproses.

Let asseblief verder daarop dat die volgende Kerkraadsvergadering op Maandag, 7 November 2022 om 19:00 sal wees en nie soos in die jaarprogram aangedui op Donderdag, 24 November 2022 nie.

Hout

Daar is nog 'n hele paar sakke droë doringhout beskikbaar @ R30 per sak vir die groot braaiers! Kontak gerus vir Annalize of Leon as jy belangstel.

Hoogland Noodspens

Hoogland se Noodspens voorsien steeds getrou aan mense wat swaarkry in die gemeente en ook in die gemeenskap. Die Noodspens is tans leeg en enige donasies is baie welkom.

Die volgende produke word spesifiek benodig :

"2 minute" noedels, spaghetti, pasta, Imana soya vleis, blikkies vis, tuna, "bake beans", suiker, koffie, tee, kitspap (wat met water aanmaak) bv."White Star Instant Maize porridge", rys, stampmielies (samp), konfyt, "peanut butter", sop, kitssop, pakkies sop en veral ook toiletware bv. seep, tandepaste, tandeborsel, room, poeier, ens.

Kom gee gerus by die kerkkantoor af, of los Sondag by Gemeentedienste.

Hoogland : Geloof deur liefde tot dade

Kom leef geloof deur liefde tot dade deur aan te meld by een van die bedienings waar daar hande nodig is asseblief.

Klank & Databediening

Hierdie bediening benodig nog vrywilligers om te help met die lewendige stroming van eredienste. Al die voorbereidings word reeds deur die Eredienskoördineerder gedoen voor die diens. Die span is net verantwoordelik vir die druk van die die regte knoppies. Volledige opleiding sal gegee word. Kontak gerus vir Ds Pieter of Leandra as jy meer wil weet oor hierdie bediening.

Lofkabouters

... benodig HANDE van mammas en/of hoërskool jongmense wat op 'n roterende basis Luise kan help met die lesaanbiedings. Gesels gerus met Leandra indien jy by Lofkabouters betrokke wil raak.

Dankoffers opneem

Erediensspan kort hande by die opneem van Dankoffers tydens Eredienste. Elke erediens benodig ten minste 6 vrywilligers as dit kom by die opneem van dankoffers. Dit geskied op 'n roterende basis. Laat weet asseblief vir Leandra as jy bereid is om op hiedie beskeie manier te dien.

Mannebediening

Manne kan gerus Vrydagoggende vanaf 5:30 saamkuier om 'n beker goeie koffie en daarna uit God se Woord. Enige man is baie welkom om saam te kom kuier.

Gebedsbediening

Daar bestaan altyd 'n behoefte aan *saambid* of *voorbidding* ...
Indien jy erns maak met gebed en graag wil leiding neem om 'n Gebeds-netwerk te vestig, kan jy asseblief jou naam aan Leandra deurgee.
Indien jy verder 'n behoefte het aan gebed - laat weet asseblief vir Annalize in die Kerkkantoor. Elke versoek sal hoogs vertroulik hanteer word en Annalize sal dit deurgee na die Gebedsspan om in te tree.